Redakteur / **Editor**
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

Subredakteur / **Sub-editor**
Janine de Villiers
Tel: (021) 483-2234

Grafiese Ontwerper / *Fotograaf*
Graphic Designer / **Photographer**
Monica Wagner

Administrasie en Advertensies
Administration and Advertising
Szerena Knapp

Tel: (021) 483-2483
Faks / **Fax**: (021) 419-7541
Webtuiste / **Web site**
www.capegateway.gov.za/library
E-pos / **E-mail**
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

Adres / **Address**
Posbus 2108 Kaapstad, 8000
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Geïndekseer in / **Indexed in** LISA
(Library and Information Science Abstracts)
© Biblioteekdiens © Library Service
SA ISSN 0 008 5790

Reproduksie en Drukwerk
Reproduction and Printing
Creda Communications (Pty) Ltd
Eliot Avenue, Epping II 7460

Omslagontwerp / **Cover design**
Jack Russell Design

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels,

EDITORIAL REDAKSIONEEL

Events over the past few weeks have once again indicated that we have not here a lasting city! At the time of writing I have just finished watching the funeral of Pope John Paul II - impressive yet striking in its simplicity. What really struck me was the way in which everybody from various religions under the sun rallied together to pay their respects to what certainly was a great man - not only in his devotion to his faith but in his concern for humanity - regardless of faith, colour or creed. A lesson we all should learn!

Back at home we had our annual national Library Week - a week peppered with exciting events in which library staff and Friends of Libraries strived to promote this year's slogan, *Learn Read Succeed*! - a slogan which complemented that of the national campaign, *Opening the doors of learning and culture to all.* Linked to the fiftieth anniversary of The Freedom Charter accepted by the People's Congress in Kliptown in Soweto in 1955 this was indeed a fitting celebration. More about this on page 5.

Libraries are indeed houses of learning - but not only do they provide a wealth of information to anyone who seek it - they are becoming more pro-active as is proven by the important role they play and can play in supporting local business enterprises. On page 10 Gail Jacobs, CEO of Library Business Corners provides details of this important new development in libraries in the business world.

Copyright and newspapers. A tricky issue - especially for librarians who often are required to maintain and preserve these publications but who receive little or no resources or assistance from newspaper publishers in their task of preservation. Copyright Services Librarian Denise Nicholson discusses the copyright issue in detail on page 6.

On a positive note - as I write it has just started to rain - hard, heavy rains - typical of the Cape winter rains - and it might just prove to be the start of good things to come in our drought-stricken province!

Gebeure gedurende die afgelope paar weke het weereens getoon dat van 'stof is ons en tot stof sal ons terugkeer'. Ten tye van hierdie skrywe het ek net klaar na die begrafnis van Pous Johannes Paulus II gekyk - indrukwekkend en tog treffend in sy eenvoud! Wat my werklik geraak het, is die wyse waarop mense van alle geloofsoortuigings onder die son hande gevat en hul respek betoon het teenoor 'n groot gees - nie net in die toewyding aan sy geloof nie, maar sy strewe na menslikheid onder alle nasies - ongeag van godsdiensoortuigings, ras of kultuur. 'n Les waaruit ons almal kan leer!

Terug by die huis het ons Nasionale Biblioteekweek gevier - 'n week deurspek met opwindende gebeure waartydens biblioteekpersoneel en Vriende van die Biblioteek baie moeite gedoen het om vanjaar se leuse, *Leer Lees Presteer* te bemark. Hierdie leuse het aangesluit by die nasionale projek wat onderskryf is met die leuse, *Maak die deure van opvoeding en kultuur oop vir almal*. Gedagtig aan vanjaar se vyftigste herdenking van die Vryheidsmanifes (Freedom Charter) wat in 1955 deur die People's Congress in Kliptown, Soweto aanvaar is, was hierdie inderdaad 'n toepaslike viering. Meer hieroor op bladsy 5.

Biblioteke is inderdaad huise van kennis - nie net voorsien hierdie instansies 'n skat van inligting aan almal wat daarvoor vra nie, maar is hulle ook deesdae op die voorfront van projekte soos Biblioteek Besigheidshoekies - waar hulle belangrike steun verleen aan klein, medium en mikro besighede. Op bladsy 10 gee die Uitvoerende Beampte van Library Business Corners 'n breedvoerige uiteensetting van die rol wat biblioteke in die besigheidswêreld speel en kan speel.

Kopiereg en koerante. 'n Netelige kwessie - veral vir bibliotekarisse van wie verwag word om hierdie publikasies te versamel en bewaar, maar wat maar weinige bystand van koerantuitgewers vir die taak ontvang. Op bladsy 6 bespreek Kopiereg Bibliotekaris Denise Nicholson breedvoerig die dilemma waarmee bibliotekarisse gekonfronteer word.

Op 'n positiewe noot - soos ek hier sit en skryf het dit begin reën - harde, deurdringende reën wat lyk of dit gekom het om te bly - daardie tipiese Kaapse winterreën. Wie weet, dalk is dit die begin van goeie dinge wat op pad is in ons droogte-geteisterde provinsie!